# 11 September 2023 - Lesing 123 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Geestelike nood van die naaste – 27/1/60

**NO: 7509** En wanneer julle julleself bekommer oor julle naaste in sy geestelike nood sal dit **vir julleself** tot seën word. Weliswaar is die leniging van die aardse nood die gebod van die naasteliefde; wat julle vir hulle sal moet doen wat julle sal wil dat dit vir julle gedoen word, wanneer julle julleself in dieselfde nood sal bevind.

**Maar ook in geestelike nood sal julle hom moet help** en dit sal sowel by sy siel, asook by julle siele 'n effek hê. Want die geestelike nood is nog heelwat erger as die aardse nood, omdat laasgenoemde eens ten einde sal wees wanneer die aardse lewe verby is, maar die geestelike nood word **saam oorgeneem na die ryk hierna** en het vir die siel 'n vreeslike kwellende uitwerking.

En julle sal die naaste kan help in geestelike nood, wanneer julle hom in die eerste plek help om 'n lewende geloof te verkry, wanneer julle hom op JaHshua die Messias wys, **waarsonder geen mens salig kan word nie**.

Wanneer julle naaste nog heeltemal geen geloof het nie, bevind hy homself in groot geestelike nood en dit sal vir julle geen maklike taak wees om hom te help om tot geloof te kom nie. Maar julle sal hom kan **aanspoor om werke van liefde te verrig**, julle sal hom vir eers so kan beïnvloed, dat hy die liefde beoefen en dan sal dit hom ook al **makliker** geval om dit te glo wat julle vir hom sal uiteensit. En dit is allereers die **kennis oor JaHshua Messias en Sy verlossingswerk** wat julle moet voorlê aan julle naaste wat hierdie kennis nog nie besit nie. En hy sal dit spoedig kan glo, indien hy van goeie wil is en daarom **ook in die liefde werksaam raak.**

Maar dit moet aan hom wel heeltemal **volgens waarheid** oorgebring word, sodat dit nie deur hom verwerp word en dit dan baie moeilik sal wees om ooit die verlossingswerk vir hom begryplik te maak nie. **Slegs die waarheid het die krag in haarself** om op 'n mens van goeie wil in te werk, maar dwaling sal hy dadelik afwys en sal alle arbeid in die wingerd aan hom gedoen, tot niet maak.

Daarom is dit in die eerste plek nodig **dat julle self in die waarheid vasstaan,** voordat julle geestelike hulp aan julle naaste sal kan skenk. Maar julle wat **regstreeks** deur My onderrig word, het veel geestelike lering byderhand, wat julle aan hom sal kan oordra. En julle liefde sal julle ook sukses verseker, want wat julle in liefde vir die naaste onderneem, bly nie sonder resultaat nie. Dit sal sy siel tot voordeel strek, soos wat julle ook self des te meer sal ontvang, hoe meer julle van julle geestelike rykdom weggee, want die nood is groot.

Met aardse nood poog die mense om hulself op te hef, selfs wanneer hulle julle as 'n broeder om hulp vra.

Maar aan die geestelike nood dink hulle nie en daarom vra hulle ook nie om hulp nie. **En daarom moet julle dit self vir hulle aanbied,** julle moet, waar julle dit maar kan, julle gesprekke rig op 'n geestelike vlak. Julle moet probeer om te wete te kom van die ingesteldheid van julle naaste op geestelike gebied en julle moet aan hulle die evangelie verkondig, dit wil sê; hulle **aanspoor om werke van liefde te doen**. En dan sal julle ook geleentheid vind om oor JaHshua en Sy werk van verlossing te spreek en verneem welke indruk dit op die mense maak wat julle so onderrig.

En al sou julle maar 'n geringe resultaat kan toon, het julle tog 'n **onskatbare diens** aan julle naaste bewys, want die woorde wat julle aan hom bestee het, sal nie verlore gaan nie. Dit sal wortelskiet en eendag sal die saad opkom en daaruit kan hulle 'n kragtige geloof ontwikkel, volgens die gewilligheid van diegene aan wie julle ware naasteliefde betoon het.

Dink daarom dikwels aan die geestelike nood van julle naaste en poog om hom tot hulp te kom. En dit sal vir hom en vir julle waarlik tot seën strek, want Ekself sal julle steun. Ek sal Self aan hulle harte klop en salig is hulle wat die deur van hulle hart vir My sal open wanneer Ek begeer om toegelaat te word. Amein.